

**Titel: Christus-vertroue**  
**Pastor: Andries van der Merwe**  
**Datum: 13 Februarie 2011**  
**Tyd: 09:00**



### **Hebreërs 10:19-22**

<sup>19</sup> Terwyl ons dan, broeders, **vrymoedigheid** het om in die heiligdom in te gaan **deur die bloed** van Jesus <sup>20</sup> op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, <sup>21</sup> en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, <sup>22</sup> laat ons toetree met 'n waaragtige hart in **volle geloofsversekerdheid**, die harte deur besprenkeling **gereinig van 'n slegte gewete** en die liggaam gewas met rein water.

### **Romeine 3:23**

<sup>23</sup> Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie.

### **Romeine 6:23**

<sup>23</sup> Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.

### **Hebreërs 10:1-10**

<sup>1</sup> Die wet van Moses is slegs 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie 'n werklike beeld daarvan nie. Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde vry maak nie. <sup>2</sup> As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en nie meer van sondes bewus was nie, sou hulle immers opgehou het om offers te bring. <sup>3</sup> Maar nou herinner die offers juis jaar na jaar aan die sondes, <sup>4</sup> omdat die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem. <sup>5</sup> Daarom sê Christus met sy koms in die wêreld: "Dit is nie diereoffer en graanoffer wat U wou hê nie, maar die liggaam wat U My gegee het. <sup>6</sup> Brandoffers en sondeoffers het U nie behaag nie! <sup>7</sup> Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is dit van My geskrywe." <sup>8</sup> Eers sê Hy: "Diereoffers en graanoffers, brandoffers en sondeoffers wou U nie hê nie en het U nie behaag nie," hoewel hierdie offers deur die wet voorgeskryf word. <sup>9</sup> Daarna sê Hy: "Kyk, Ek het gekom om u wil te doen." Hy skaf dus die eerste offers af om 'n ander offer in die plek daarvan te stel. <sup>10</sup> Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd.

### **I Johannes 1:7**

<sup>7</sup> Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.

### **Johannes 3:16-17**

<sup>16</sup> God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. <sup>17</sup> God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.

### **Hebreërs 10:19-23**

<sup>19</sup> Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, <sup>20</sup> en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. <sup>21</sup> En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, <sup>22</sup> laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. <sup>23</sup> Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy belooft het.